

## **KERSBOODSKAP 2016 VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER VAN KANNALAND MUNISIPALITEIT**

Dit is met groot dankbaarheid en in diepe erkentlikheid teenoor ons Hemelse Vader vir Sy wonderlike genade en leiding dat ek hierdie Kersboodskap aan die gemeenskap van Kannaland rig.

Nog 'n jaar het vinnig verby gegaan. Ons sal egter onthou, die goeie wat in ons gemeenskappe plaasgevind het, naamlik die sukses stories van die jaar 2016. Ons sal egter ook herinner word aan die mislukkings van die jaar. Kerstyd is 'n tyd van welwillendheid. Kersfees is die tyd van die jaar wanneer mense na mekaar uitreik, hande vat en mekaar ondersteun. Kom ons reik 'n hand van welwillendheid uit na almal rondom ons. Ek wil graag names die Kannaland Munisipaliteit, my opregte dank en waardering aan elke inwoner oordra vir u goeie saamewerking en hulp gedurende die afgelope jaar. Sonder u bydrae sou al ons pogings tot niet wees.

Terselfdertyd, laat ons onthou dat terwyl ons feesvier en die plesier van die oomblik geniet, is daar baie mense hier en in ander dele van die wêreld wat nie die vreugdes kan ervaar wat ons as vanselfsprekend aanvaar nie. In die gees van Kersfees, pleit ek by almal van ons om 'n helpende hand na ons medemens uit te steek deur te deel en empatie te toon, veral teenoor die kwesbaarstes onder ons. Laat ons ook dié troos wat familieleden en vriende deur natuurrampe of aan onnatuurlike oorsake verloor het deur die loop van die jaar. My pleidooi is dat mense hulle nie aan alkohol en dwelms vergryp nie en ten alle koste geweld vermy. Aan die matrikulante wil ek sterkte toewens gedurende die wagtyd vir jul uitslae.

Aan elke personeellid van Kannaland Munisipaliteit wil ek my opregte dank uitspreek vir jul toegewydheid en bydrae tot die sukses van die organisasie. Dankie aan elkeen wat bereid was om naweke diens te lewer aan ons gemeenskappe om te verseker dat effektiewe dienslewering plaasvind. U toegewydheid is soms ten koste van u families, vriende en geliefdes. Sonder u toegewydheid sou Kannaland Munisipaliteit nie hier gewees het waar dit vandag is nie.

Ek is bevoorreg om Burgemeester van 'n dinamiese gemeenskap soos Kannaland te wees. Ek vra van u geduld, ondersteuning en betrokkenheid. Ek gee vir u die versekering dat u belange op 'n deursigtige, eerlike en professionele wyse gedien sal word. Mag u Sy vreugde oor hierdie Kerseisoen ervaar. Namens myself en die res van die Raad, wens ons die gemeenskap van die Kannaland 'n Geseënde Kersfees en Voorspoedige 2017 toe.

**Raadslid Magdalena Barry, Uitvoerende Burgemeester**